IMPAK ONDERWYSDIENS BK
Reg. nr.: CK2005/041089/23
Straatadres: Rivierweg 139, Lyttelton, 0157
Posadres: Posbus 15132, Lyttelton, 0140, SA.
Tel.: +27 (0) 12 664 8552 / 082 561 0131
Faks: +27 (0) 12 664 2618 / 2318 of 086 641 6407
E-pos: bestuurder@impakonderwys.co.za
Webblad: www.impakonderwys.co.za

Nuusbrief 4/2010 **Mei 2010**

Beste Ouers

Die Junie eksamen is hier!

Dr. Hennah Larkins en haar span het moeite gedoen om seker te maak dat die vraestelle en memorandums van hoog staande gehalte is.

Vraestel versending begin, soos geskeduleer en aan u belowe, vanaf 17 Mei 2010. Ons is betyds!

So maak u met die eksamen

1. Saam met die vraestelle word ook die memorandums, kosteloos, versprei. **Ouers moet self die vraestelle hanteer en die integriteit van die vraestelle beskerm.** Dit is nou u verantwoordelikheid! Indien die vraestelle dieselfde dag deur die ouer/voog gemerk word, behoort die memorandum vir die kind ′n baie goeie hulpmiddel vir toekomstige studies te wees.
2. IT vraestelle word nie op papier verskaf nie maar per internet. Die IT vraestelle word op die IT forum geplaas en ouers moet bewus wees daarvan sodat die integriteit daarvan beskerm kan word. Dit is u verantwoordelikheid! Die vak IT kan nie geneem word tensy u kind toegang tot die internet het nie.
3. Die aangehegte kontrolevorm moet, voordat u kind met die eksamen begin, asb. deeglik met die vraestelle en memorandums vergelyk word.
4. Merk van vraestelle:
    a. **Gr. 0 – 3** Antwoordstelle word ingestuur vir merk, sodat u professionele terugvoer t.o.v. u kind se vordering kan ontvang.
    b. **Gr. 4-11** Ouers en sentrums merk self volgens die memorandums. In gevalle waar ouers ongemaklik is met die merk, kan hulle die antwoordstelle instuur vir merk.
    c. **Gr. 12** Antwoordstelle kan self gemerk en die puntestate ingestuur word. In gevalle waar ouers ongemaklik is met die merk, kan hulle die antwoordstelle instuur vir merk. Impak sal die nagesiene antwoordstelle aan u per gefrankeerde koevert terugstuur. Die nagesiene antwoordstelle **moet** by die ouers/voogde in die portefeulje lêer bewaar word. Dit is u verantwoordelikheid!.
    d. Puntestate vir die Maarttoets en Junie eksamen moet voor of op **2 Julie** by Impak wees en ons sal poog om die rapporte teen **28 Julie** beskikbaar te hê.
    e. Puntestate wat saam met die vraestelle versprei word moet ingevul en aan Impak gestuur word. Dit moet na rapporte@impakonderwys.co.za gestuur word of gefaks word aan 0865568589.
    f. Wanneer die antwoordstelle per pos ingestuur word om gemerk te word, moet dit per aangetekende pos gestuur word om die grootste versekering te hê dat die vraestelle wel by Impak uitkom.
    g. Indien die ouers die gemerkte vraestelle wil terug ontvang moet daar gefrankeerde koeverte per vak saamgestuur word. Vir buitelandse kliënte moet hulle die gemerkte vraestelle in skrif aanvra en bevestig dat ons hulle vir die posgeld kan faktureer.
    h. Verrykingsvakke word nie geëksamineer nie.
    i. Op die puntestaat (Gr. 4-11) verskyn die volgende:
        i. Maart punt: Dit is alle oopboektoetse en Maart toets
        ii. Junie punt: Dit is alle oopboektoetse en opdragte vir 2e kwartaal
        iii. Junie eksamen: Dit is die Junie eksamenpunt soos selfgemerk of ekstern deur Impak gemerk.
    j. Op die Gr. 12 puntestaat moet die ouer net die Maarttoets en Junie eksamen punte invul.

k. Ouers en hulpsentrums moet asb. afskrifte van die puntestaat maak voordat die ingestuur word om vir volgende eksamen gebruik te word.

Hantering van opdragte

l. **Gr. 0 – 11** Alle opdragte word self, tuis, gemerk, net die puntestate word ingedien. Die opdragte moet egter bewaar word en kan te enige tyd deur Impak aangevra word vir eksterne kontrolering.
m. **Gr. 12** Word self gemerk en puntestate ingestuur. Die opdragte moet in die portefeulje lêer bewaar word en kan te enige tyd deur Impak aangevra word vir eksterne kontrolering.
n. Alle Gr10 tot 12 LOR opdragte moet direk aan die vakouteur gestuur word.

Vakadviseursdiens

Impak het die wyse waarop die vakadviseurs diens lewer verander.
Daar is benewens Dr. Hennah Larkins nog drie senior persone aangestel as Vakkoepel-bestuurders. Hierdie bestuurders tree op as koördineerders van die vaksteundiens wat die groep aan u, ons kliënt, moet lewer. Dit beteken dat as u nie by die aangewese vakadviseur geholpe raak nie, u die Vakkoepel-bestuurder kan skakel en u klagte of navraag rig.

Die vier Vakkoepelbestuurders is:

1. Dr. Martin Human:

Beskikbaar op kantoor/Telefonies: Maandae en Dinsdae: 10:00 tot 15:00
Tel: 012 664 8552
Faks: 0865661075
e-pos: vakadviseur1@impakonderwys.co.za

Vakkoepelbestuurder vir:

Wiskunde	Wiskunde Geletterdheid	
Fisiese Wetenskap	Lewenswetenskap	
Landbouwetenskap	Landboubestuurspraktyk	
IT	RTT	
IGO	Elektriese Tegnologie	
Meganiese Tegnologie	Siviele Tegnologie	
Tegnologie	Toerisme	
Gasvryheidstudies	Haarkappery	Skoonheid

2. Mev. Joanita Fourie

Beskikbaar op kantoor/Telefonies: Maandae en Woensdae: 9:00 tot 14:00
Tel: 012 664 8552
Faks: 0865661055
e-pos: vakadviseur2@impakonderwys.co.za

Vakkoepelbestuurder vir:

Engels (1ste Addisionele Taal)	Engels Huistaal
Afrikaans (1ste Addisionele Taal)	Frans
Rekeningkunde	Ekonomie
Besigheidstudies	Geografie
Grondslagfase Gr.0 tot 3	LOR

3. Dr. Hennah Larkins

Beskikbaar op kantoor/Telefonies: Maandae en Dinsdae: 10:00 tot 15:00
Tel: 012 6648552
Faks: 0865661070
e-pos: vakouteurs@impakonderwys.co.za

Vakkoepelbestuurder vir:

Afrikaans Huistaal	Godsdiensstudie	Kuns en Kultuur

4 Dr. Sheryl Snyman

Beskikbaar op kantoor/Telefonies: Maandae tussen 9H00 en 15H00 en Woensdae tussen 14H00 en 19H00
Tel: 012 6648552
Faks: 0865661078
e-pos: delta@deltaeducation.co.za.

Vakkoepelbestuurder vir:
Delta Education

Indien u enige probleme ondervind om die adviseurs tydens hulle kontakure te skakel of om bevredigende diens te ontvang, versoek ons dat u met die bo-genoemde Vakkoepel bestuurders of die Bestuurder belas met vakadviseurs, dr. Hennah Larkins tydens hul kontakure sal skakel.

Skakel in op die vakforums

Die vakforums vir Gr.10 tot 12 is in bedryf. Fisiese Wetenskap, IT en RTT is reeds op die forums beskikbaar.
Wiskunde, Afrikaans, Engels, IGO, Meganiese -, Siviele – en Elektriese Tegnologie volg eersdaags.
Indien u sukkel om op die forums in te skakel kan u vir mnr. Jozwa Schreuder of Jacques Bekker of vir mev. Hanlie Bothes tydens gewone kantoorure op 012 664 8552 skakel of u kan na 18:00 saans met mnr. Nelius Basson in verbinding tree by: 082 451 0700, e-pos: nelius.iphone@gmail.

Op die jaarprogram

- Onthou asseblief van die Gauteng sportdag op **16 Junie**. Meer inligting is aangeheg
- Onthou van die fondasie LOR kamp van **18 tot 20 Junie**. Meer inligting is aangeheg
- Die Winterskool vir Gr. 12 Impak vind vanaf **12 tot 14 Julie** plaas. Inligting en uitnodigings word aan al die Afrikaanstalige Matrikulante uitgestuur.
- Die Winterskool vir Gr. 12 Delta vind vanaf **19 tot 21 Julie** plaas. Inligting en uitnodigings word aan al die Engelstalige Matrikulante uitgestuur.
- Aangeheg vind u ook ‘n uitnodiging na See en Sand se staptoer.

Wat dink u hiervan?

- Ons beoog om ‘n plaas met geriewe daarop te koop waarop Impak se avontuurkampe, leierskampe, handwerkkampe, perdekampe, ens. onder ons eie toesig aangebied kan word.
- Ons sal goeie oorslaap geriewe met toesig op die plaas hê sodat die matrieks wat sou belangstel daar kan eksamen skryf en teen ‘n baie billike tarief gehuisves kan word.
- Impak en Delta se winterskole en prakties/tegniese slypskole kan daar aangebied word.
- Impak se kongresse en opleidingsdae kan ook daar gehuisves word.
- Ons beoog ook om teen 2013 ‘n volwaardige landbou-tegniese skool met koshuis vir 400 leerlinge daar op te rig.

Die plaas is presies twee ure buite Pretoria tussen Nylstroom en Naboomspruit in ‘n baie veilige omgewing geleë.

Voordat ons finaal oor die aankoop van die plaas besluit, wil ons graag u opinie daaroor verneem.

Beste groete.

.....

VRAELYS: Faks aan: 0865567262 of e-pos terug aan: pieter @impakonderwys.co.za

Naam en Van: _____

Antwoord:

Ja ons dink dis ’n goeie idee, want:.....

.....

Nee ons dink dis nie ’n goeie idee nie, want: .....

.....

Tuisskolers! Mei 2010

Ons het die wintersport gekombineer met 'n entrepreneursdag! Hier's die info:

16 Junie	:	Wintersport & entrepreneursdag
Venue	:	Moria Kampterrein
Tyd	:	08:30 vir 09:00
Drag	:	Sportdrag – tekkies is noodsaaklik vir deelname

Daar kan aan die volgende sportsoorte deelgeneem word:
7-kant rugby, netbal, krieket, volley ball
Kinders sal volgens ouderdomme by spanne ingedeel word.

Toegang	:	R10 pp [sluit deelname vir almal in]
Stalletjie	:	R20
Produkte	:	Tuisgemaakte eetgoed/kuns/produkte/diens [dus nie koop-en-verkoop-produkte nie]
R.S.V.P.	:	Maandag, 14 Junie

epos/sms vir neels.beyers@imbila.co.za/ 084 506 5233:

Tuisskolers: Wintersport + ouer naam & van + aantal volw + aantal kinders
+ indien jul belangstel in stalletjie + *beplande produk*
Verskillende gesinne/kinders mag saam 'n stalletjie beman.

Sentrums: Wintersport + sentrum naam + aantal volw + aantal kinders
Die sentrum kan 'n stalletjie hê, of kinders kan as individue stalletjies beman.
Ons benodig die individue se name en *beplande produkte*.

- Bespreek 'n stalletjie om 'n nommer te kry.
- Om te verhoed dat daar meer as twee stalletjies met dieselfde produkte is, sal ons jul laat weet of die produk goedgekeur is.
- Stalletjies kan reggemaak word vanaf ± 08:00 – moet reg wees teen 09:00.
- Uitstallers bring eie gazebo's, tafels en stoele.
- Daar is nie kragpunte beskikbaar nie.

18 – 20 Junie : Lewensoriënterings kamp – Gr 11 & 12 uitkomste

Temas: Selfbeeld; Visie, beplanning & probleemoplossing; Verhoudings; Spanbou & leierskap; Studiemetodes; Sosiale vaardigheid; Dwelms & dwelmmisbruik; Curriculum Vitae & onderhoude; Stresfaktore; Sportafrigting; Kommunikasie; Missie & persoonlike menings; Studie-oriëntasietoets – opsioneel [R150.00 addisioneel]

Kostes	:	R500.00
Sluitingsdatum	:	Dinsdag, 15 Junie 2010

Groete
Madelein Beyers
Imbila Edu Adventures